Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 10

# NOVEMBER 2020

# GESKIEDENIS (WEERGAWE 2) NASIENRIGLYN (EKSEMPLAAR)

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 19 bladsye.

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

### 1.1 Kognitiewe vlakke en vermoëns gedek gedurende die assessering van bron gebaseerde vrae:

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGSTOEKENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek bewyse uit bronne<br>• Selektering en organisering van relevante inligting vanaf bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Eenvoudige interpretasie uit bronne<br>• Verduidelik inligting ingesamel van die bron<br>• Analiseer bewyse vanuit die bron | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Vra vrae oor vooroordeel, betroubaarheid en bruikbaarheid en beperking van bronne<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bron en maak 'n onafhanklike afleiding. | **30%<br>(15)** |

### 1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet die kandidaat krediet kry vir enige ander relevante antwoord.
- Daar word van leeerlinge verwag om 'n standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punte te verdien.

### 1.3 Assesseringsprosedure vir brongebaseerde vrae

- Gebruik 'n regmerk (√) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken(√√√√); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte tooegeken word (√√)
- Indien 'n vraag 4 punte tel word 4 regmerke (√√√√) aangedui

**Paragraafvraag**

Paragrawe moet globaal (holisties) geassesseer word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer ’n antwoord op ’n paragraafvraag geassesseer word:

Lees die paragraaf en plaas ’n kolpunt (•) by elke punt binne – in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord

- Lees die paragraaf weer om die mate waartoe die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord, te evalueer.
- Maak regmerkies (√) wat aan die kandidaat vir die paragraaf toegeken is, aan die einde van die paragraaf, sowel as die vlak (1, 2 of3) soos in die holistiese rubriek aangedui en gee kommentaar, bv.

__________ • ____________________ • ______________

______________ • ____________________ • __________ √√√√

Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf.

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt onder in die regterkantse kantlyn.

$\frac{32}{50}$

- Maak seker dat die punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

2. **OPSTELVRAE**

2.1 **Die opstelvrae vereis dat kandidate:**

- In staat sal wees om hul argument op ’n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle mooontlik sal wees om ’n redelike reeks feite of ’n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat ’n opstel ’n inleiding, ’n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en ’n slot het.

2.2 **Nasien van opstelvrae**

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by ’n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by ’n riglyn vir nasien van ’n spesifieke opstel.

Kopiereg voorbehou 

2.3 **Globale assessering van ’n opstel**

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as ’n geheel sal bepunt sonder om doe samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om ’n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om ’n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs ‘feite’ neer te skryf om ’n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om ‘model – antwoorde’ voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/ daarstelling van ’n argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag

2.4 **Assessering prosedures van ’n opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer jy die opstel assesseer.

2.4.2 Gedurende die eerste lees van die opstel moet punte gegee word vir ’n relevante inleiding,(aangedui deur ’n bullet in die nasienriglyne) elk van die hoof punte/aspekte wat korrek gekontekstuleer is (ook aangedui deur ’n bullet in die nasienriglyne) en ’n relevante slot,(aangedui deur ’n bullet in die nasienriglyne). Bv in ’n antwoord waar daar 5 hoofpunte is sal daar 7 punte wees.

2.4.3 Hou die **PEEL** struktuur in gedagte by die assessering van die opstel.

| | | |
|---|---|---|
| **P:** | **Punt** | Die kandidaat lei die opstel in met ’n argument/’n duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet ’n punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| **E:** | **Verduideliking** | Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| **E:** | **Voorbeeld** | Die kandidaat moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument, Relevante voorbeelde moet gegee word om argument volt e hou. |
| **L:** | **Skakel** | Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

Kopiereg voorbehou 

2.4.4 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoof aspekte en slot nie korrek gekontekstueer
- Verkeerde stelling
- Irrelevante stelling
- Herhaling H
- Analise A √
- Interpretasie I √
- Lyn van argument **LVA**

2. **Die matriks**

2.5.1 Gebruik die matriks vir die assessering van opstelle
In die assessering van ŉ opstel moet die gegewe kriteria in die rubriek gebruik word. In die assessering van die opstel moet aandag gegee word aan beide die inhoud en die aanbieding. By die punt van kruising tussen die inhoud en die aanbieding moet ŉ punt gegee word..

(a) Die eerste lesing van die opstel sal wees om te bepaal tot watter mate die hoof aspekte gedek is en om die **inhoudsvlak** te bepaal (in die rubriek).

| **I** | **VLAK 4** | |
|---|---|---|
| | | |

(b) Die tweede lesing van die opstel sal verband hou met die vlak van **aanbieding** (in die rubriek).

| **I** | **VLAK 4** | |
|---|---|---|
| **A** | **VLAK 5** | |

(c) Gee ŉ algehele punt deur die matriks te gebruik

| **I** | **VLAK 4** | } 30–33 |
|---|---|---|
| **A** | **VLAK 5** | |

## Rubriek vir die assessering van opstel: TOTAAL: 50

| | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **AANBIEDING** → **INHOUD** ↓ | Baie goed en gestruktureerd. Goeie sintese van inligting. ŉ Goed gebalanseerde en onafhanklike argumentslyn is ontwikkel met bewyse. Argument deurgans volgehou en verdedig. | Goed beplan en gestruktureerde opstel. ŉ Relevante argumentslyn gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. | Goed beplan en gestruktureerde opstel. ŉ Duidelike argumentslyn ontwikkel. Gevolgtrekkings vanaf bewyse verkry. Onafhanklike gevolgtrekking. Bewyse gebruik om gevolgtrekking te ondersteun. | Argument bepal en gestruktureer Getuienis gebruik om argument te ondersteun. Slotsom op grond van getuienis. | Toon soms bewyse van ŉ gestruktureerde en beplande argument. Poog om ŉ argumentslyn vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur getuienis nie. | Poging aangewend om ŉ antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. | Weinig of geen poging Om die opste te struktureer. |
| **VLAK 7** Vraag is ten volle beantwoord. | **47-50** | **43-46** | | | | | |
| **VLAK 6** Vraag is beantwoord.Inhoudseleksierelevant tot die argument wat gevolg is. | **43-46** | **40-42** | **38-39** | | | | |
| **VLAK 5** Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud genoegsaam en relevant. | **38-39** | **36-37** | **34-35** | **30-33** | **28-29** | | |
| **VLAK 4** Vraag herkenbaar in antwoord. Gebreke ten opsigte van inhoud of irrelevante inhoudseleksie. | | | **30-33** | **28-29** | **26-27** | | |
| **VLAK 3** Inhoudseleksie hou verband met die vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie.Weglatings. | | | | **26-27** | **24-25** | **20-23** | |
| **VLAK 2** Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | **20-23** | **18-19** | **14-17** |
| **VLAK 1** Vraag ontoereikend beantword. Ontoereikende of irrelevante inhoud. | | | | | | **14-17** | **0-13** |

**Riglyne vir toekenning van Vlak 1 punt:**

- Vraag nie geaddreseer/total irrelevante inhoud; geen poging om opstel te struktueer nie = 0
- Inhoud keuse sluit basiese en algemene irrelevante inligting; geen poging om opstel te konstrueer nie = 1-6
- Vraag ontoereikend geaddresseer en vaag; geen poging om opstel te struktueer =7-13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

## VRAAG 1: HOE HET SHAKA OPGANG GEMAAK AS 'N MAGTIGE ZOELOE-LEIER?

1.1 1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- 1816 (1 x 1) (1)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- 'dit was dodelik en maklik om te swaai ...' (1 x 2) (2)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Hy het goed gekommandeerde regimente gevorm
- Hy het sy krygers met kort assegaaie bewapen
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.1.4 *[Verduideliking van 'n historiese konsep Bron 1A-V2]*
Mfekane/Difekane (1 x 2) (2)

1.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A-V2]*
- Die Zoeloes het naburige stamme vinnig aangeval
- Hulle het die oorlewendes in hul geledere opgeneem
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.2 1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- 'Hy het ander stamme verower'
- 'Hy het ander stamme van hul rykdomme/skatte, jong mans en jong vrouens ontneem' (2 x 1) (2)

1.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- 'lang gooispies'
- 'vollengte liggaamskild' (2 x 1) (2)

1.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Napoleon (1 x 1) (1)

1.2.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- 'ivoor'
- 'eksotiese dierevelle' (2 x 1) (2)

1.2.5 *[Interpretasie van historiese konsep uit Bron 1B – V2]*
- Hulle het ŉ goeie verhouding gehad
- Hulle het handel met mekaar gedryf
- Shaka het hulle gebiedsregte in Durban gegee
- Enige ander relevante verduideliking (2 x 2) (4)

1.2.6 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Brittanje (1 x 1) (1)

1.2.7 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Hy het enorme militêre barakke op strategiese plekke gebou
- Hy het die barakke met groot getalle nuwe rekrute aangevul
- Hy het vroue hulpregimente geskep
- Hy het huwelike binne die korps gemanipuleer
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.3 1.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- 1878 (1 x 1) (1)

1.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- Hy het toegelaat dat 'n hond wat aan sy sorg toevertrou was ŉ skaap doodmaak. Toe hy deur sy pa daaroor aangespreek is, het sy ma sy kant gekies. (1 x 2) (2)

1.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- Hy het 'n swart mamba, een van Afrika se gevaarlikste slange, wat 'n bul in sy sorg gebyt en vermoor het, doodgemaak (1 x 2) (2)

1.3.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C –V1]*
- Nandi en Senzangakhona (2 x 1) (2)

1.4 1.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Om ons te wys hoe 'n Zoeloe-kryger volgens hom sou lyk
- Om vir ons die wapens te wys wat hy gedink het deur die Zoeloes gebruik is
- Hy het die Zoeloe-kryger verkeerd voorgestel met langhandige assegaai en 'n groot skild
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Hy sou nooit daarop trots voel om 'n Zoeloe te wees nie
- Hy sou nooit trots wees op hul kultuur en drag nie
- Hy sou nooit gemotiveerd wees om ŉ sterk man te wees en vir die Zoeloes te veg nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.5 *[Vergelyking van bewyse uit Bronne 1B en 1C – V3]*

- Bron 1C praat oor Shaka wat die lang assegaai met ŉ kort assegaai vervang het
- In Bron 1D dra Shaka ŉ lang assegaai
- In Bron 1C vervang Shaka die vollengte liggaamskild met ŉ klein skild, terwyl Shaka in Bron 1D ŉ vollengte liggaamskild dra.
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van inligting uit die bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoorde insluit:

- Shaka was ŉ briljante militêre organiseerder (Bron 1A)
- Hy het goed gekommandeerde regimente gehad wat met dodelike assegaaie toegerus was (1A)
- Shaka was ŉ dapper man wat een keer ŉ swart mamba (Bron 1B) doodgemaak het
- Shaka het dodelike nuwe taktieke en wapens bedink (Bron 1C)
- Shaka is beskou as die Swart Napoleon (Bron 1C)
- Hy het stamme in alle rigtings oorwin en van hulle ontslae geraak (Bron 1C)
- Die Zoeloe-nasie was die grootste en mees bevolkte stam wat nog ooit in suidoostelike Afrika gesien is (Bron 1C)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om ŉ punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ŉ elementêre wyse, bv. **toon min of geen begrip oor hoe Shaka opgang gemaak het as ‘n magtige Zoeloe-leier.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ŉ paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou tot ŉ groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor hoe Shaka opgang gemaak het as ‘n magtige Zoeloe-leier.**<br>• Gebruik bewyse op ŉ basiese wyse om ŉ paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–4** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bronne bv. demonstreer ŉ **deeglike begrip oor hoe Shaka opgang gemaak het as 'n magtige Zoeloe leier.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 5–6** |

(6)
**[50]**

**VRAAG 2: WAT WAS DIE IMPAK VAN BRITSE KOLONIALISME OP DIE BEVOLKING VAN DIE KAAPKOLONIE?**

2.1 2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- Al die lewende vee moes geslag word
- Dat die dooies uit hulle grafte sou opstaan
- Die son sou in die middag sak
- Nuwe graangate moes gegrawe word omdat daar baie voedsel sou wees
- Die dooies sou vreugde en rykdom bring (Enige 2 x 1) (2)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A-V1]*
- Nongqawuse was Mhlakaza se niggie (1 x 1) (1)

2.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Sy het haar valse profesie aan hulle oorvertel
- Haar profesie is nooit bewaarheid nie (2 x 2) (4)

2.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A]*
- Die rivieroewer (1 x 1) (1)

2.1.5 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- Xhosas (1x 1) (1)

2.1.6 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A –V2]*
- Niks het op daardie dag gebeur nie
- Geen beeste kom uit die see nie
- Die son het nooit teen die middag gestak nie
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- Hottentot Proklamasie van 1809 (1 x 1) (1)

2.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- Passe vir die Khoi-Khoi is afgeskaf
- Hul reg op grondbesit is uiteindelik duidelik gemaak
- Khoikhoi was nie meer onderhewig aan enige verpligte arbeid nie
- Hul kinders kon nie sonder ouerlike toestemming vakleerlinge word nie
- (Huurarbeid)kontrakte van meer as 'n maand moes skriftelik wees

(4 x 1) (4)

2.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*
- Hulle het gehoop dit sou die kolonies se ekonomie verbeter
- Om die Boere die reg te ontsê om die Hottentotte te beheer
- Om slawerny te beëindig
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.2.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B–V1]*
- Dat dit op 'Hottentotte en ander vrye persone van kleur', toegepas was in plaas daarvan om kleurblind te wees (1 x 1) (1)

2.3 2.3.1 *[Definisie van historiese konsep uit Bron 2C – V2]*
- Dit is die massamigrasie van die Afrikaners uit die Kaap na die binneland
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- Voortdurende konflik tussen hierdie boere en die Xhosa-inwoners op die grens
- Groeiende wrok tussen die boere en die Britse koloniale owerhede
- Die boere het aangevoer dat die koloniale regering die aktiwiteite van die Boerekommando's beperk het
- Die koloniale regering het geweier om hulle toe te laat om self wet en orde op die grens te handhaaf
- Hulle het die regering geblameer omdat hulle geen finansiële ondersteuning tydens die grensoorloë en ander konfrontasies met die Xhosa gekry het nie
- Gebrek aan arbeid
- Hul kon hulself nie teen Xhosa-aanvalle beskerm nie

(Enige 4 x 1) (4)

2.3.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- Die Magna Carta van die Khoikhoi (1 x 1) (1)

2.3.4 [Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1*]*
- 1820's en 1830's (1 x 2) (2)

2.3.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Die regering het Ordonnansie 50 bekragtig wat te veel vryheid aan die Khoikhoi gegee het
- Die Khoikhoi is nie meer gedwing om passe te dra nie
- Slawerny is afgeskaf
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.3.6 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- Gert Maritz (1 x 1) (1)

2.4 2.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D –V2]*
- Dit was presies honderd jaar ná die Groot Trek (1 x 1) (1)

2.4.2 *[Interpretasie van relevante inligting uit Bron 1D – V2]*
- Dit wys dat die Voortrekkers die Groot Trek herdenk
- Dit wys die ondersteuning wat hulle van Afrikaners ontvang het
- Dit wys die eenheid onder die Afrikaners
- Kinders het hulle dopgehou terwyl hulle in die strate gereis het
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.5 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 2B en 2C –V3]*
- In Bron 2B het die Khoikhoi vryheid ontvang met die aankoms van die Britse koloniste. In Bron 2C word die Boere se vryheid om die Khoikhoi te beheer, weggeneem
- In Bron 2B is die Khoikhoi vry van slawerny en was tevrede met die Britse aankoms
- Bron 2C wys dat die afskaffing van slawerny die Afrikaners nadelig beïnvloed het
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van inligting uit die bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoorde insluit:

- Die onskuldige nasie van Phalo is doodgemaak deur Nongqawuse se valse profesie (Bron 2A)
- Die Xhosa het op die ou end vir die Britte gewerk
- Ordonnansie 50 het die Khoikhoi vryheid gegee (Bron 2B)
- Khoikhoi het nie meer passe gedra nie(Bron 2B)
- Slawerny is afgeskaf (Eie kennis)
- Gelei tot die Groot Trek (Bron 2C)
- Boere ontevrede met Britse kolonisasie (Bron 2C)
- Boere wou onafhanklik wees (Bron 2C)
- Boere blameer die Britte vir die toestande waarin hulle hulself bevind het (Bron 2C)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. **toon min of geen begrip van die impak van Britse kolonialisme op die bevolking van die Kaapkolonie nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou tot 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van die impak van Britse kolonialisme op die bevolking van die Kaapkolonie.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese wyse om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–4** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bronne bv. demonstreer 'n **deeglike begrip van die impak van Britse kolonialisme op die bevolking van die Kaapkolonie.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon. | **PUNTE 5–6** |

(6)
**[50]**

**VRAAG 3: WAT WAS DIE GEVOLGE VAN DIE SUID AFRIKAANSE OORLOG (1899–1902) OP BEIDE SWART EN AFRIKANER SUID-AFRIKANERS?**

3.1 3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- Verskroeide-aarde-beleid (1 x 1) (1)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- 13 000 mans (1 x 1) (1)

3.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- Huurarbeiders
- Kontanthuurders
- Deelboere (3 x 1) (3)

3.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- Kampe hoofsaaklik gevul met vroue, kinders, bejaardes en die swakkes (1 x 2) (2)

3.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A –V2]*
- Hulle het 'n loon gekry
- Rantsoen is nou aan hulle gegee
- Hulle sou vry wees van die Afrikaner-bewind wat sleg was
- Enige ander relevante reaksie (Enige 2 x 2) (4)

3.1.6 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- In 1901 (1 x 1) (1)

3.2 3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- Mans
- Vroue
- Kinders (3 x 1) (3)

3.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- Spanje (1 x 1) (1)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B –V2]*
- Om te verhoed dat Boere van 'n tuisbasis hulself kan hervoorsien van voorrade
- Om dit vir die Boere onmoontlik te maak om hulp van hul gesinne te kry
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

3.2.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- Toenemend oorbevolk
- Swak higiëne
- Slegte sanitasie
- Die voedselrantsoene was karig
- Wanvoeding en endemiese aansteeklike siektes
- 'n Tekort aan moderne mediese fasiliteite (Enige 4 x 1) (4)

3.3 3.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C –V2]*
- Dit wys die pyn wat die vroue ervaar het as gevolg van die Verskroeide-aarde-beleid
- Dit wys ons dat vroue sterk was
- Dit impliseer dat vroue tydens die Suid-Afrikaanse oorlog na konsentrasiekampe gestuur is
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C –V2]*
- Sy wou nie vir die ander wys dat sy bang was nie
- Sy wou nie die ander vroue demoraliseer nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C –V2]*
- Sy het geweet dat sy baie swaar sou kry
- Sy het geweet dat die lewe baie hard sou wees vir al die gevangenes
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

3.4 3.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*
- Lord Roberts (1 x 1) (1)

3.4.2 *[Definisie van historiese konsep uit Bron 3D – V1]*
- Die gebruik van tref-en-hardlooptaktieke
- 'n Vorm van oorlogvoering waarin klein groepe militêre taktieke soos hindernisse, sabotasie gebruik.
- Klopjag om 'n groter tradisionele weermag te beveg
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

3.4.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*
- Beskerming
- Veiligheid
- Voedsel (3 x 1) (3)

3.4.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D –V2]*
- Die Britse regering het die toestande in die kampe verbeter
- Lord Milner het die administrasie van die kampe oorgeneem
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.5 *[Vergelyking van bewyse uit Bronne 3B en 3D – V3]*
- Albei bronne toon dat Boerevroue tydens die oorlog na konsentrasiekampe gestuur is
- Bron 3 C noem dat vroue in die kampe gevestig is. Bron 3 D wys dat families teen hul wil geneem is
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van inligting uit die bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Die oorlog het verskriklike resultate vir Swartes gehad (Bron 3A)
- Swartes het by die Britse weermag (Bron 3A) aangesluit
- Die meerderheid van die Boere is na die konsentrasiekampe gestuur (Bron 3B)
- Die kampe is swak bestuur (Bron 3B)
- Die toestande in die kamp het gelei tot siektes en wanvoeding (Bron 3B)
- Vroue was nie daarmee tevrede om in die kampe te wees nie (Bron 3C)
- Emily Hobhouse het die betreurenswaardige toestande in die kampe blootgestel (Bron 3D)
- Almal was na konsentrasiekampe gestuur (Eie kennis)
- Baie mense het in konsentrasiekampe gesterf (Eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ’n elementêre wyse, **bv. toon geen of min begrip van die gevolge van die Suid-Afrikaanse Oorlog op beide die Afrikaners en Swart Suid Afrikaners.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp verslag te doen of kan nie ’n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou tot ’n groot mate verband met die **onderwerp, bv. toon ’n mate van begrip van die gevolge van die Suid Afrikaanse Oorlog op beide die Swart en Afrikaner en Suid-Afrikaners.**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie basiese wyse om ’n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–4** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bronne, **bv. toon ’n deeglike begrip van die impak van die gevolge van die Suid Afrikaanse Oorlog (1899–1902) op beide die Afrikaners en Swart Suid Afrikaners.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ’n georganiseerde paragraaf wat ’n begrip van die onderwerp toon. | **PUNTE 5–6** |

(6)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae in hierdie afdeling nie.

### VRAAG 4: DIE OPKOMS VAN DIE SOTHO-KONINKRYK ONDER KONING MOSHOESHOE

*[Beplan en bou 'n oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse met behulp van analitiese en interpretatiewe vaardighede]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet krities bespreek hoe Moshoeshoe strategies beplan, diplomasie, versoening, en onderhandelingsvaardighede gewys het ten einde sy nasie op te bou. Kandidate moet hul gegewe argument met relevante historiese bewyse ondersteun.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte insluit:

**Inleiding:** Kandidate moet Moshoeshoe se vaardighede bespreek en wys hoe hy dit gebruik het in die opkoms van sy koninkryk.

**UITBREIDING**
- Moshoehoe het sy nasie versterk deur modernisering en kompromieë
- Hy het sy mense opgevoed
- Hy het Christenskap bevorder om sy mense te moderniseer
- Die sendelinge het ŉ groot invloed op die vorming van die Basotho-nasie gehad
- Hy het kennis en tegnologie verwerf om sy nasie teen Boere- en Britse aanvalle te beskerm.
- Thaba Bosiu was die middelpunt van sy koninkryk waar sy mense veilig gevoel het
- Thaba Bosiu was nie maklik toeganklik nie
- Moshoeshoe het ook sy weermag gemoderniseer.
- Hy het perde en onwettige vuurwapens gekoop
- Hy het ŉkragtige en formidabele leër van berede skerpskutters gehad
- Hy het die Boere toegelaat om by Caledon-vallei as gaste te stop
- Hy het swak mense beskerm en vir hulle grond gegee
- Moshoeshoe het mense wat arm was, ondersteun
- Hy het die Mafisa-stelsel gebruik wat beeste aan mense geleen het
- Hy het die waarde van Europeërs besef
- Hy het magtige leiers erken en het nie probeer om hulle te beveg of vir grond met hulle mee te ding nie
- Hy het vreedsaam met beide sy bure en trekboere geleef
- Toe Trekboere hulp vra oor die aanval op die Ndebele, het hy geweier
- Moshoeshoe het handel met die Boere gedryf
- Hy het gewere van die Boere ontvang in ruil vir graan en beeste
- Toe die Boere nie tevrede was met die Napier-verdrag nie, het Moshoeshoe ŉ stuk grond aan die Voortrekkers geleen
- Moshoeshoe het met Sir George Grey onderhandel omdat hy nogŉoorlog met die Britte vermy nadat hy hulle verslaan het, om sodoende sy ondergang te vermy
- Enige ander relevante antwoord.

**Gevolgtrekking:** Kandidate moet hul argument met ŉ relevante gevolgtrekking afsluit. **[50]**

**VRAAG 5: KOLONIALE UITBREIDING NA 1750 – SAMEWERKING EN KONFLIK OP DIE HOËVELD**

**SINOPSIS**
Kandidate moet bepaal tot watter mate koloniale uitbreiding na 1750 tot samewerking en konflik tussen die Boere, Britte en die Basotho gelei het. Kandidate moet hul gegewe argument met relevante historiese bewyse ondersteun.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte insluit:

**Inleiding**: Kandidate kan die opkoms van Moshoeshoe uitlig en sy verhouding met sowel die Boere as die Britte in die Hoëveld.

**UITBREIDING**
- Moshoeshoe het die Hoëveld beset en die aankoms van Boere en Britte het die Basotho-voorspoed verander
- Grond was die oorsaak van die konflik tussen die drie nasies
- Toe die Boere in die Hoëveld aankom, het Moshoeshoe hulle toegelaat om die land in die Caledon-vallei te gebruik
- Die trekkers het later die grond as hul eie geëis
- Die Griekwas, die Tlokwa en die Barolong wou ook deel van die grond hê
- Die Boere het in getalle toegeneem en meer grond benodig
- Moshoeshoe het besef dat hy nie die Boere kon verslaan nie, en het Britse beskerming gesoek
- Hy het 'n verdrag met die Britte onderteken en ooreengekom op 'n grens vir die Sotho-koninkryk, wat die Caledonriviervallei ingesluit het
- Moshoeshoe het 'n driehoekige stuk grond tussen die Caledon- en die Oranjeriviere vir blanke nedersetting prysgegee
- Henry Warden, Britse agent, het vier van Moshoeshoe se hoofmanne se onafhanklikheid van sy gesag toegestaan
- Dit het gelei tot ŉ oorlog tussen Moshoeshoe en die Britte
- Die Britte is twee keer deur die Basotho verslaan
- Die Britte het besluit om die Boere die reg te gee om hulle in die Caledon-vallei te vestig
- Die Basotho het die beeste van die Boere gestroop en dit het gelei tot ŉ reeks oorloë tussen die Boere en die Sotho
- Die Britte het die Boere van wapens voorsien en wapenverkope aan die Basotho verbied
- ʺn Tweede Sotho-Boereoorlog van 1865–1869 het rampspoedige resultate vir Moshoeshoe gehad
- Hy het ondersteuning en lojaliteit van sy ondergeskikte hoofmanne verloor
- Moshoeshoe het die Britte vir beskerming gevra om Basotho-land te behou
- In 1868 is die Sotho-koninkryk as ŉ Britse kolonie verklaar en Basoetoland genoem
- Moshoeshoe het sy koninkryk gered deur te verseker dat dit nie deur die trekkers oorgeneem word nie

Enige ander relevante antwoord.
**Slot:** Kandidate moet hul argument met 'n relevante gevolgtrekking saamvat. **[50]**

**VRAAG 6: SUID-AFRIKAANSE OORLOG EN DIE UNIE-DIE NATURELLE GRONDWET VAN 1913**

*[Beplan en bou 'n oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse met behulp van analitiese en interpretatiewe vaardighede]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet standpunt inneem of hulle saamstem dat die Naturelle Grondwet ŉ negatiewe uitwerking op Swart Suid-Afrikaners gehad het.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte insluit:

**Inleiding:** Kandidate moet standpunt inneem wat toon of hul saamstem of nie.

**UITBREIDING**
- Die regering het die Naturelle Grondwet van 1913 deurgevoer as gevolg van druk vanaf polities invloedryke wit boere
- Voordat die Grondwet deurgevoer is, was baie swart boere suksesvolle deelboere
- Hulle het die grond verbou en die gewasse wat hulle geproduseer het, verkoop
- Die bekendstelling van die Grondwet het nadelige gevolge vir die deelboere gehad
- Die Grondwet het deelboerdery stopgesit
- Deelboere is gedwing om vir blanke boere te werk of op die myne te gaan werk
- Sommige deelboere het aanvanklik geweier om vir die blankes te werk en het hul vee geneem en na die reservate gegaan
- Hulle is gedwing om die vee te verkoop om te oorleef aangesien daar nie genoeg grond vir die vee was nie
- Die Grondwet het die kanse dat Swartes suksesvolle kommersiële boere in kompetisie met blankes sou word, beëindig
- Sosiaal het die Grondwet die swartes erg geraak
- Die grond wat aan Swartes toegewys is, was nie genoeg nie
- Die reservate was oorbevolk
- Die grond in die reservate was weens gronderosie nie geskik vir landbou nie
- Die reservate was ver weg van mediesesorgsentrums geleë wat tot 'n hoë babasterftesyfer gelei het
- Die toestande in die reservate was sleg wat tot wanvoeding en siektes gelei het
- ŉ Grondlose swart persoon is nie toegelaat om ŉ plek te kry om te lewe nie
- Hulle is met 100 pond of ses maande gevangenisstraf gepenaliseer
- Die SANNC was die eerste organisasie wat die Wet beveg het
- Die lede van SANNC het verskeie kere oproepe vir die herroeping van die Wet gemaak, maar dit was tevergeefs
- Hulle het selfs ŉ afvaardiging na Brittanje gestuur oor die Wet, maar dit was ook onsuksesvol
- Enige ander relevante antwoord.

**Slot:** Kandidate moet hul argument met 'n relevante gevolgtrekking saamvat. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou